Oranje Reünie

DIE CHRISTELIKE EN NASIONALE MEISIESKOOL ORANJE

1907 - 2007

☎ (051) 4474681/4475074
admin@oranjemeisies.co.za

29335, Danhof 9310
Harry Smithstraat 3
FAKS (051) 4473083

Lieweoud-Oranje

Op 'n vergadering van die Reüniebestuur is besluit dat hierdie nuusbrief van Oranje Reünie die laaste in die huidige formaat is. Dit sal voortaan in elektroniese formaat op ons webwerf verskyn. Lede wat nie internettoegang het nie, sal kleur kopieë ontvang. Stel ons asseblief in kennis indien u geen internettoegang het nie.

As gevolg van drukkoste en posgeld, het die nuusbrief net te duur geword. Nuusbriewe word aan 1 600 lede gestuur, waarvan gemiddeld 200 gereeld ledegeld betaal. Omdat oudleerders ons nie in kennis stel van adresveranderinge nie, kom daar soms tot 100 onafgelewerde nuusbriewe terug. Die elektroniese nuusbrief sal twee keer per jaar verskyn.

Daar is reeds 1 767 lede op Facebook se Ou Eende-blad. Ek onderneem om sover moontlik aan alle versoeke soos klasfoto's met name, hoe lyk Le Rouxhuis en die kunsklas nou, versier dogters nog hulle rokke as hulle verjaar ensovoorts te voldoen. Daar gebeur weekliks wonderlike dinge in die drie skole en ek sal dit graag met julle wou deel. Laat die oud-Oranjes 'n lewendige interaktiewe familie word!

Dit is baie belangrik om te besef dat ledegeld nie betaal word om die nuusbrief te ontvang nie. Jy dra maandeliks R12,50 (R150 jaarliks) by om die Reünie te help om optimaal te funksioneer. Die Reünie speel 'n baie belangrike rol in die voortbestaan van Oranje.

Oranje Reünie bring jaarliks groot getalle oudleerders terug skool toe, ons reël die funksies vir die verjaarsdagnaweek, organiseer die sport tussen oud-Oranjes en huidige leerders, wens oud-Oranjes geluk met hulle verjaarsdae, hou die reünie-albums op datum en soek tot vorige meisies vir ou Grey-manne!

Oranje Reünie hou ook tradisies in stand. Ons neem jaarliks die graad 8's na Onze Rust, as deel van die oriënteringsweek. Die matriektee verwelkom jaarliks die matrieks as ouleerders. By die graad 7-funksie vertel die leerlingraad van die Sekondêre Skool die graad 7's wat in die hoërskool wag. Vir een dag klim die eende uit die wapen en vertel die grootoog kleuters van die Preprimêre Skool hoekom hulle nie hoef bang te wees vir die groot skool nie.

Ons drink elke kwartaal saam met oudleerders tee by Oranje se eie koffiewinkel, Le Quack, op elkeen se eie koste. Ek en Mej. Matthee woon jaarliks die reünies in Gauteng en die Wes-Kaap by. Ek verteenwoordig die oud-Oranjes by die Amanda Coetzer Tennistoernooie vir beide skole, die Pietie Coetzee Hokkietoernooi, die prysuitdelings en konserte. Ons wens die skoolhoofde geluk met verjaarsdae en neem blomme en plaas jaarliks blomme in die matrieks se eindeksamenlokaal.

Oud-Oranjes word versoek om op die webtuiste te registreer. 'n Baie groter databasis kan so opgebou word. Oranje Reünie sou graag oor die mees suksesvolle databasis van alle skole in die land wou beskik! Dit vergemaklik ook die reëlings vir klasreünies.

Ek glo dat ons kan staatmaak op nog groter betrokkenheid van elke oudleerder. Ons droom van 1000 betalende lede kan waar word. Ons kan steeds Vooruit loop om die heel beste reünie in die land te wees!

Kontak my asseblief persoonlik met enige voorstelle, vrae of onduidelikhede by 051 436 6930 of 083 265 2441 of e-pos na christastrydom@mweb.co.za. Gesels met my op Facebook by C en N Sekondêre Meisieskool Oranje (Ou Eende).

Vooruit-groete

Christa Strydom

VOORSITTER